



David Manuel, hoofafrigter van Tukkie se sukkelende Varsitybeker-rugbyspan.

Foto: GALLO IMAGES

# Kampioen tot rampioen: quo vadis, Tuks?

**Cobus Claassen**

Die Varsitybeker-kampioen, die die Universiteit van Pretoria, se gesukkel in vanjaar se kompetisie is die produk van dieperliggende probleme by dié klub.

Dit is die mening van Theuns Reynolds, voorsitter van Tuks Rugby.

Daar word in die Blou Bulle se rugbykringe aangevoer die Blou Bulle Maatskappy (BBM) het die grootste sê in die doen en late van Tuks se Varsitybeker-span en dat dié opset nie volhoubaar is vir welslae in die Varsitybeker-reeks nie.

Die Tuks wankel onderaan die puntelys en het tot dusver al vyf wedstryde vanjaar verloor.

Soos sake staan, loop hulle die gevaar om na die Varsityskild-reeks gereleë te word.

Die span wat die Varsityskild

wen, word outomaties tot die Varsitybeker-reeks in 2019 bevorder.

Die kampioen het Maandag in die Tuks-stadion met 26-40 teen die Pukke verloor nadat hy in 'n stadium in die tweede helfte met 3-40 agter was.

Reynolds wou nie veel uitweien, maar het bygevoeg "hoe gouer Tuks se sake terugkeer na die Tuks-kantoor toe, hoe beter".

"Die span wat in die Varsitybeker-reeks speel, is 'n Bulle-konsep en dit bring mee dat ons nooit, soos die Pukke, 'n span kan bou nie," meen Reynolds.

Wat Reynolds waarskynlik hiermee bedoel, is dat die Tuks-span wat in die Varsitybeker-reeks speel, geheel en al verskil van die een wat in die Carltonbeker-kompetisie in aksie sal wees. Dié spanne het ook nie



**Ek wil nie verskonings maak nie, maar ons het eenvoudig nie die ervaring of diepte wat Tuks verlede jaar gehad het nie.**

— DAVID MANUEL

dieselfde afrigter nie.

Die Varsitybeker-span dien as 't ware as 'n voederspan vir die Bulle en sy behoeftes is ondergeskik aan die Bulle s'n.

David Manuel, wat verlede seisoen die Bulle se agterlyn-afrigter was, het by Pote Human as die Tuks se afrigter in die

Varsitybeker-reeks oorgeneem.

Human neem vanjaar die Bulle se voorspelers onder hande.

'n Bron na aan die span sê Manuel was bestem om te misluk met die span wat hy geërf het. Afgesien daarvan dat die kern van 2017 se kampioenspan nie meer beskikbaar is nie, het die Tuks 'n lang beseringslys.

Onder verlede seisoen se sterre is Divan Rossouw, Manie Libbok, André Warner, Embrose Papier en Marco van Staden Bulle toe, Joshua Stander het hom by die Stormers aangesluit, terwyl Impi Visser in die Blitsbokke se groep is.

Verlede seisoen se Tuks-kaptein, Chris Massyn, en die erfare vaskopstut Neethling Fouché is Stellenbosch toe en draf nou vir die Maties uit.

Vanjaar se kaptein, Denzel Hill, is op die krukkelys, terwyl

ander eerstekeuse-spelers soos Tinus de Beer, Theo Maree en Eli Snyman ook tans beseer is.

Manuel sê hulle het nooit beplan om die eerste vyf wedstryde te verloor nie. "Ek wil nie verskonings maak nie, maar ons het eenvoudig nie die ervaring of diepte wat Tuks verlede jaar gehad het nie.

"Dit is die werklikheid. Omdat jy die kampioen is, is daar outomaties hoë verwagtinge en ek en Anton (Leonard) probeer alles in ons vermoë om die span op die wenpad te kry."

Die doelwit is om hul oorblywende drie wedstryde – teen die Sentrale Universiteit vir Tegnologie (SUT), die Universiteit van Johannesburg (UJ) en die Madibaz – te wen. "Ons moet net. Om ons plek in die Bekerreeks te verloor is die laaste ding wat ons wil hê."